basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2022

## KWAZULU-NATAL

**PUNTE: 40**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Kortverhale (40)
   **OF**
   AFDELING B: Drama (40)

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

   AFDELING A: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   **OF**

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vrae oor die drama (*Perdekrag*) wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 90 minute

   **OF**

   AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

**INHOUDSOPGAWE**

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.

**AFDELING A: KORTVERHALE**

**Beantwoord Verhaal A EN Verhaal B.**


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 1. **Verhaal A** | 20 | 4 |
| "Die prentjiesmaker " | | |
| **EN** | | |
| **Verhaal B** | 20 | 6 |
| " Ag nee dankie man, Oupa " | | |


**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

**Beantwoord slegs die EEN vraag.**


| | | |
|---|---|---|
| 2. *Perdekrag* | 40 | 9 |

## AFDELING A: KORTVERHALE

## VRAAG 1: *LUGSPIEËLINGS* – Myicelie Pienaar

Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag.

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "DIE PRENTJIESMAKER" – PJ du Plessis (20)
EN
VERHAAL B: "AG NEE DANKIE MAN, OUPA" – H du Plessis (20)

### VERHAAL A: "DIE PRENTJIESMAKER" – PJ du Plessis

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS A

'n Spiertjie in die ou man se wang spring-spring onwillekeurig terwyl sy oë die sirkelvlug van 'n klompie aasvoëls volg.

Langs hom sit 'n veel jonger man op sy hurke.

Na 'n lang stilte beweeg Ubombo sy kop en kyk na die jong man. Die pyn verlaat sy oë om plek te maak vir 'n flikkering van affeksie. "Seun van my broer," praat hy en daar is sagtheid in sy stem. "Baie maal het die jong leeu die vleis van die ou leeu se bok gevreet. Vandag is die ou leeu gereed om te eet aan die bok wat die jong leeu gevang het."

Mthemba kyk nie na die ou man nie. "Baba, my vader," sê hy. "Span mens jou osse in, net om hulle heeldag in die son te laat staan?" Die ou man sit voor 'n skilderesel, maar het maande laas iets geverf.

1.1 Wat het Ubombo as kind geteken? (1)

1.2 Wie het vir Ubombo die skilderesel gegee? (1)

1.3 Waarom het die mense van die kraal swaargekry? (1)

1.4 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (1.4) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| vergelyking; | hiperbool; | simbool |

Ubombo se oë volg " 'n klompie **aasvoëls**" (reël 2). Aasvoëls is 'n … van iets slegs wat gaan gebeur. (1)

1.5 Almal wat Ubombo geken het, het sy talent waardeer.

Kies elke keer die inligting in KOLOM B wat by die karakters in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.5.1 Die nonne | A ... het geglo dat dit beter sal gaan wanneer Ubombo weer begin verf. |
| 1.5.2 Mthemba | B ... het dit vir Ubombo makliker gemaak om te skilder. |
| 1.5.3 Die ou manne | C ... het Ubombo se talent vir mense buite Afrika gewys. |
| 1.5.4 Die galery se mense | D ... het Ubombo se talent eerste raakgesien. |
| | E ... was bekommerd dat Ubombo nie meer geweet het wat hy doen nie. |

(4 x 1) (4)

1.6 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Mthemba moes met die galery se mense praat want hy kon <u>Frans</u> praat. (1)

1.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.7.1 en 1.7.2) en die antwoord neer.

Die mense het altyd gedink dat Ubombo se prente (1.7.1) (positief/negatief) is, want dit het sy liefde vir die lewe gewys. Sy laaste prent het sy eie mense geskok, want (die verf was gemeng/hulle kon niks daarvan verstaan nie). (2)

1.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.8) neer.

Die "flikkering van affeksie" in reël 5 sê vir ons dat Ubombo …

A siek was.
B lief was vir Mthemba.
C kwaad was vir Mthemba.
D nie meer goed kon sien nie. (1)

1.9 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Dit het weer gereën.
- Ubombo het sy verfgoed buite laat staan.
- Ubombo het die hele dag lank aan sy laaste prent geverf.
- Die mense van die galery het baie vir Ubombo se laaste prent betaal. (4)

1.10 In hierdie kortverhaal speel die reën 'n sekere rol.

1.10.1 In die droogte wou Ubombo nie meer verf nie. Waarom kan 'n mens sê dat Mthemba sy oom probeer motiveer het om weer te verf? (1)

1.10.2 Waarom was dit verkeerd van die Franse vrou om ontevrede te voel toe dit lyk asof dit gaan reën? (1)

1.11 Hoekom, dink jy, pas dit by hierdie storie dat die eerste druppel wat aan die einde van die verhaal val, 'n traan was? (1)

1.12 Waarom sou jý nie Ubombo se laaste skildery na sy dood verkoop het nie? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "AG NEE DANKIE MAN, OUPA" – H du Plessis**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**

Kallie groet vir Tommie by hul hek en loop sleepvoet huis toe. Miskien, probeer hy verskoning soek vir Oupa, miskien is hy maar net vriendelik met die mense wat hom so moet rondry. Ja, dis wat dit is. Maar dan skud hy sy kop. Daardie hand! Oupa, tier dit in hom. Oupa. Ouma se rooi oë, die seer om haar mond. Ouma is 'n mooi vrou, dink hy opstandig, sy lyk altyd goed, sy is nie vet en rond soos Joekie se ouma nie, sy speel nog tennis en gaan gym toe. En daai girl, sy lyk sommer goedkoop, so beplak en bepaint, hy wed sy't nie 'n benul van wat in 'n appeltert of hoenderpastei kom nie.

Sy pa-hulle is weer aan kajuitraad hou en sy tant Elise en haar man is ook daar sonder hul dogters.

"Hy wil Ma opsluit los," hoor hy tant Elise se huilerige stem.

1.13 Op watter dag van die week het Kallie en sy oupa gewoonlik saam gekuier? (1)

1.14 Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.14.1 tot 1.14.4) en die antwoord neer.

1.14.1 Oupa het verander nadat hy en Ouma ... toe getrek het.

1.14.2 Die eerste keer wat Oupa nie saam met Kallie kon kuier nie, was die verskoning dat Oupa na die prokureur moes gaan om ...

1.14.3 'n Ander verskoning was dat Oupa by die dokter was en dit het Kallie baie ... gemaak.

1.14.4 Die dag toe Kallie sy oupa saam met die jong meisie in die kafee gesien het, is hy so vinnig daar weg dat hy nie eens sy ... gedrink het nie. (4)

1.15 Wie het elke keer die verskonings vir Oupa gemaak? (1)

1.16 Noem TWEE dinge wat Kallie nie meer kon doen vandat Oupa-hulle getrek het nie. (2)

1.17 Die dinge wat Oupa Kallie gedoen het, het die familie op verskillende maniere beïnvloed.

Kies elke keer die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.17.1 tot 1.17.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.17.1 Kallie | A ... was bereid om Oupa 'n kans te gee. |
| 1.17.2 Kallie se ma | B ... het nie respek teenoor ander gewys nie. |
| 1.17.3 Kallie se pa | C ... het leuens vertel om die waarheid weg te steek. |
| 1.17.4 Kallie se ouma | D ... was kwaad vir Oupa en wou geen verskonings hoor nie. |
| | E ... kon nie verstaan wat met Oupa aangaan nie. |

(4 x 1) (4)

1.18 Kallie was bly om sy oupa in die Black Cat te sien.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.19.1 en 1.19.2) en die antwoord neer.

Kallie kon nie verstaan dat sy Oupa die *girl* bo sy ouma verkies het nie. Die *girl* het (1.19.1) (verwaarloos gelyk/te veel grimering gedra). Sy ouma het (1.19.2) (nog goed gelyk vir haar jare/soos 'n regte ou tannie gelyk). (2)

1.20 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.20) neer.

Kallie het "sleepvoet" huis toe geloop. (Reël 1) Dit wys vir ons dat ...

A sy skoene stukkend was.
B sy voete te seer was om vinnig te loop.
C hy baie moeg was en stadig geloop het.
D hy ongelukkig was en nie huis toe wou gaan nie. (1)

1.21 Waarom was Oupa se verkeerde optrede nie goed vir die familie nie? (1)

1.22 Hoe word Kallie se gevoel oor sy oupa aan die einde van die verhaal duidelik vir die leser? (1)

1.23 Waarom kan jy respek hê vir Kallie se ouma? (1)

1.24 Watter les het jý uit hierdie verhaal geleer? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 2: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag.

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS C**

| | |
|---|---|
| LUCKY: | Jy’s natuurlik te bang vir haar. As sy sê spring, dan somersault jy sommer. Jip. So gedink. As die miesies praat, dan lig Binki haar beentjies en trip-trip-trippel agter haar aan. |
| BINKI: | Is nie. |
| LUCKY: | Is. En erger. En jy gaan my ook nie sê wat jou crime was om hier te moet werk nie. *(Binki kyk hom woordeloos aan. Lucky sug.)* Oukei. Zippie lippie. *(Binki begin links wegstap.)* Nee, stoppit. Bly hier. Jy gaan nie agter haar aandraf soos 'n brakkie nie. Help my eerder om die bleddie stro – mis in die kruiwa te kry. Hei, ek sê, kom hier. Laat die kruiwa op sy kant lê. *(Binki maak soos hy sê.)* Ja, so. *(Lucky gaffel die strooi makliker in.)* In watter graad is jy? *(Lucky raak ongeduldig as sy aarsel.)* Beentjie-dientjie, ek vra, in watter graad is jy, of is dit ook 'n geheim? |
| BINKI: | Ek ... ek doen nou soort van matriek. |

2.1 Wat is die naam van die perdeplaas waar die drama afspeel? (1)

2.2 Wie het saam met Wilma op die perdeplaas gebly? (1)

2.3 Waarom het Lucky op die perdeplaas kom werk? (1)

2.4 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Lucky moes vir <u>een maand</u> lank elke naweek op die perdeplaas werk. (1)

2.5 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (2.5) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| 'n hiperbool; | personifikasie; | 'n vergelyking |

"Jy gaan nie agter haar **aandraf soos 'n brakkie** nie ..." (Reël 7 en 8). Dit is 'n voorbeeld van ... (1)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.6.1 en 2.6.2) en die antwoord neer.

Binki en Lucky se optrede teenoor Wilma was nie dieselfde nie. Binki was baie (2.6.1) (gehoorsaam/ongehoorsaam) en het alles gedoen wat Wilma vir haar gevra het om te doen. Lucky was onbeskof en het (2.6.2) (teruggepraat met Wilma/vir Wilma gejok). (2)

2.7 Wilma het goeie werk op die perdeplaas gedoen.

Kies elke keer die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.7.1 tot 2.7.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.7.1 Wilma | A ... het respek vir diere en ander mense geleer. |
| 2.7.2 Lucky | B ... se gestremde lyf kon deur perdry geoefen word. |
| 2.7.3 Binki | C ... is betaal om op die plaas te werk. |
| 2.7.4 Ansie de Beer | D ... het beter gevoel oor wat met Grace gebeur het. |
| | E ... was nie meer bang vir perde en ander mense nie. |

(4 x 1) (4)

2.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.8) en die letter (A–D) neer.

In reël 5 praat Lucky van Binki se "*crime*". Dit sê vir ons dat Lucky gedink het dat Binki ...

A die skool verlaat het.
B baie geheime gehad het.
C nie familie gehad het nie.
D iets verkeerds gedoen het. (1)

2.9 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Lucky het Tinkerbelle laat weghardloop.
- Binki het vir Lucky vertel wat met Dukie gebeur het.
- Binki het vir Lucky toebroodjies vir middagete gebring.
- Lucky het vir Binki vertel dat sy ma elke aand vir hulle kos kook. (4)

2.10 Wilma en Binki het 'n goeie verhouding gehad.

2.10.1 Waarom was dit mooi van Wilma om **soos 'n ma** vir Binki te sorg? (1)

2.10.2 Waarom het Wilma gedink dit was nodig dat sy Binki teen Lucky moes beskerm? (1)

2.11 Hoekom gebruik Lucky so baie Engelse woorde? (1)

2.12 Wat sou jý vir Lucky gesê het wanneer hy so lelik gepraat het? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

| | |
|---|---|
| LUCKY: | Vir jou gaan ek wys. Ek gaan julle almal wys. *(Lucky kry 'n karwats in die stoorkamer en maak Kaizer se staldeur oop.)* Kom nou. Toe, ek sê kom hier! *(Lucky beduie kwaai met die karwats. Kaizer gaan staan in die oop deur.)* Toe, kom, ek wil daardie vrou wys. Kom hiernatoe, bird brain. *(Kaizer bly in die deur van die stal staan.)* Hei, jy sal maak soos ek sê. Kom hier! *(Kaizer bly staan. Lucky stap nader aan Kaizer en lig die karwats. Die oomblik toe hy vorentoe tree om Kaizer oor die neus te slaan, ruk Kaizer sy kop op en stamp Lucky terug. Lucky struikel agteroor en val in die hoop strooi. Kaizer runnik kwaai en trippel dreigend rondom en bo-oor Lucky. Lucky skuifel verskrik weg en Kaizer keer hom teen die staldeur vas. Lucky hou sy kop vas en skree bang.)* Nee! Moenie! Asseblief! Moenie! Assebliееeef! |

2.13 Watter dag van die week het hierdie insident gebeur? (1)

2.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.14) en die letter (A–D) neer.

"Vir jou gaan ek wys. Ek gaan julle almal wys." (Reël 1) As Lucky so vir die groot perd sê, bedoel hy dat hy vir almal gaan wys dat ...

A hy nie vir perde bang was nie.
B hy dit sou regkry dat die perd na hom luister.
C perde nie omgee as 'n mens 'n karwats gebruik nie.
D perde nie omgee as mense hard met hulle praat nie. (1)

2.15 Waarom het Lucky vir Kaizer "bird brain" genoem? (Reël 5) (1)

2.16 Lucky het vir Kaizer vertel dat hy die katjies verdrink het. Noem TWEE redes waarom Lucky die katjies verdrink het. (2)

2.17 Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (2.17.1 tot 2.17.4) en die antwoord neer.

2.17.1 Na die insident in die stal het Lucky vir Kaizer gevra om hom te ... vir sy slegte gedrag.

2.17.2 Kaizer het sy ... gelig en Lucky het dit vasgehou.

2.17.3 Lucky het vir Kaizer 'n emmer met nuwe ... gevat.

2.17.4 Wilma was ... oor die verandering in Lucky se gedrag. (4)

2.18 Elke karakter in hierdie drama speel 'n eie rol. Die dinge wat hulle doen, het gevolge vir ander karakters.

Kies elke keer die gevolg in KOLOM B wat by die dinge wat die karakters in KOLOM A doen, pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.18.1 tot 2.18.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.18.1 | Lucky het iets verkeerds gedoen. | A | Die perde is gebruik om ander mense te help. |
| 2.18.2 | Sabrina het baie tyd saam met haar vriende deurgebring. | B | Die swart hings het kwaai gereageer. |
| 2.18.3 | Wilma het haar eie perd laat seerkry. | C | Mevrou Mhlope het nie meer by die ryk mense gewerk nie. |
| 2.18.4 | Binki het letsels opgedoen toe hulle huis afgebrand het. | D | Binki het nie elke dag skool toe gegaan nie. |
| | | E | Binki het haar ma baie min gesien. |

(4 x 1) (4)

2.19 Binki het net bloese met lang moue gedra, want sy het altyd koud gekry.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

2.20 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.20.1 en 2.20.2) en die antwoord neer.

Lucky het Binki se bloes se mou (2.20.1) (per ongeluk/aspris) afgeskeur. Dit was eintlik 'n goeie ding vir Binki, want daarna het sy besluit om (2.20.2) (haar lewe by Wilma te aanvaar soos dit is/met haar ma vrede te maak). (2)

2.21 Waarom was dit verkeerd van Lucky om wit mense "ryk varke" te noem? (1)

2.22 Waarom kan 'n mens sê dat dit goed was dat Lucky by die perdeskool gaan werk het? (1)

2.23 Die titel van hierdie drama is *Perdekrag*. Hoe wys die slot van die drama vir jou dat die titel by die storie pas? Jy moet in jou antwoord na die betekenis van **die titel** en **die slot** verwys. (2)

**TOTAAL AFDELING B: 40**
**GROOTTOTAAL: 40**

Kopiereg voorbehou